# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 29 Januarie 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Prof. Naas Ferreira**

**Tema:** Luister daarom en sien dan hoe God Sy volk troos.

Is God regtig bewus van alles wat in hierdie wêreld gebeur? Soms voel dit asof God se kinders iewers in ‘n diep kloof moet wegkruip vir die wêreld wat soos buffels met groot horings op ons afstorm. Is daar hoop en troos in sulke moeilike en deurmekaar tye?

In die eerste twee naggesigte wat God aan Sagaria wys is daar besondere troos vir God se volk van alle tye. God is hartstogtelik begaan oor Sy volk en Hy sorg vir hulle. As hulle dit nie self kan raaksien nie, wys die Here dit vir hulle.

Hierdie kosbare naggesigte roep oor al die eeue sedert daardie tyd en spreek ook tot ons as gelowiges vandag.

**Lofsang voor die erediens**
Lied 188: 1, 2 en 3 (Kom dank nou almal God), Lied 199: 1, 2 en 3 (Loof die Here uit die hemel)

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Ps 98-1: 1 en 3; Votum; Seën; Loflied: Ps 105-1: 1 en 3; Apostoliese Geloofsbelydenis

**Verootmoedigingsdiens**
Wet: Deuteronomium 5: 6 - 21; Sing: Ps 99-1: 1 en 5; Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Sagaria 1: 7 - 20
Sing: Ps 4-1: 1; Preek; Gebed

**Antwoorddiens**
Slotsang: Ps 48-1: 4 en 5; Seën; Amen – SB 13-3.

**18:00 AANDDIENS: Prof. Naas Ferreira**

**Tema:** Wees deel van die grootse werk waarmee God besig is.

‘n Baie entoesiastiese jong man neem die inisiatief om te probeer bepaal hoe God se kerk van die toekoms gaan lyk. Hy word egter baie gou gestop. Dit is gevaarlik om met jou eie verwagtinge dit te probeer doen. Die Here kan nie met my eie afmetinge ‘ingeperk’ word nie. God gaan GROOT. Die eindes van die

aarde en alle mense op aarde is in Sy fokus. Dit is nie te groot vir God nie. Hy sal Self 'n muur van vuur rondom Sy volk wees.

Daarom 'n ernstige oproep aan verskillende groepe mense. Kom terug na God – juig oor Sy verlossing en word dan stil voor die Here.

**Lofsang voor die erediens**
Sb 1-2: 1, 2 en 3

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Ps 33-1: 2, 7 en 11; Votum; Seën; Loflied: Sb 10-2 (Onse Vader); Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Sagaria 2
Preek; Gebed

**Antwoorddiens**
Slotsang: Ps 118-1: 3 en 7; Seën; Amen – SB 13-3.

Beide liefdegawes vandag by die deure: Diakonie (Groot boks en klein boks). Zapper-betaalmetode beskikbaar.

## MEELEWING

- Annatjie Grobler was in Huis Eikelaan se versorgingseenheid opgeneem en sterk nou tuis aan.
- Rita Schutte is in Wilgeheuwelhospitaal opgeneem vir 'n breinskandering en daar is bevind dat die breingewas nie weer gegroei het nie, maar dat daar baie vog op die brein is. Dreineringsbehandeling is toegepas en sy ondergaan nog verdere toetse.
- Dawie v Zyl moes 'n hartpasaangeër ontvang om sy hartritme te beheer en sterk reeds tuis aan.
- Hannetjie du Plessis het haar pols gebreek en sterk tuis aan.
- Pieter Minne is in Anncronhospitaal, Klerksdorp opgeneem vir angiogram nadat hy pyn in die hart ervaar het.
- Marnel Forster was in die hospitaal vir toetse, sy is reeds tuis en wag op die uitslae.
- Ria Robberts is gehospitaliseer om toetse te doen.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Erika Rood, Marie Oosthuizen en Rita Schutte.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en sap
Kleuterbediening
Katkisasie: Les 2
18:00 Aanddiens

**Maandag**
Sinode: 30 Jan - 4 Feb
Bestuursdiensgroep se vergadering skuif na 7 Feb

**Dinsdag**
17:00 Eiendommedg

## AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks en klein boks). Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Dankbaarheidsfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan

in die bussies gegooi word.

- Diensbeurte: Groep 26 en 27.

**DS PIET KEER OP 30 JANUARIE TERUG VAN LANGVERLOF**

Ek wil graag vir die kerkraad en gemeente dankie sê vir die voorreg om hierdie spesiale verlof te kom neem. Dit was werklik goed vir my geestelike lewe, my gemoed en liggaam om hierdie rusperiode te kon geniet. Ek kon weer perspektief op baie dinge kry en voel gereed om nou weer my roeping in diens van die Here aan te pak.

Ek spring komende week weg as afgevaardigde na die Algemene Sinode wat van Maandag tot Saterdag hier in Potchefstroom vergader en daarna aanlyn die agenda verder gaan afhandel. Vanaf volgende week gee ek my volle aandag aan die gemeentelike bediening.

Ek wil ds Pieter, ds Daan, Barend vd Westhuizen, al die predikers en die ouderlinge bedank vir die wyse waarop hulle die bediening in die gemeente gedurende my verlof hanteer het.

Mag die Here ons gemeente in hierdie jaar met sy Woord en Gees seën sodat ons kan groei in ons geloof en in ons diens aan Hom en die gemeenskap waar Hy ons gebruik. Dit is my bede vir myself en elkeen van julle.
Ds Piet

**KATKISASIEBOEK-KOSTES**

Die koste van die Handleidings is: Gr 1 tot 3, R100 per kind en Gr. 4 tot 11, R50 per kind. U kan dit by die kerkkantoor vereffen of volgende Sondag saam met u kind na die kategeet stuur in ‘n koevert wat duidelik gemerk is.

**VERJAARSDAE**

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 29 Januarie**
Br Gideon Coetzee
Jsr Minè Kloppers
Jsr Scarlett Pienaar

**Maandag, 30 Januarie**
Sr Estia Joubert
Sr Ina Potgieter *
Sr Ihantè Rheeder

**Dinsdag, 31 Januarie**
Br Marinus Lazenby

**Woensdag, 1 Februarie**
Br Eric Aspeling *
Sr Maria Pretorius

**Vrydag, 3 Februarie**
Jbr AJ du Plessis
Jsr Esri Scholtz

**Saterdag, 4 Februarie**
Sr Marizaan Bloem
Sr Alida Huisman *
Br Bennie v Emmenis

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

**Amandelbloeisels – 8 Februarie 2023**

Almal wat nog jonk van gees is, word uitgenooi na ons eerste byeenkoms vir 2023: Woensdag 8 Februarie, 10:00 by die Skuur.

Moet asseblief nie hierdie heerlike gesellligheid misloop nie – jy gaan jouself baie kwalik neem agterna! Is jy ’n bietjie (of dalk baie!) besorgd oor hoe sake in ons pragtige land op die oomblik verloop? Voel jy soms soos Rip van Winkel, of dat jy onwetend in die pretpark ingedwaal het en op ’n *roller-coaster* beland het? Sukkel jy om sin te maak uit al die nuusgebeure?

Kom luister gerus hoedat dr. Pieter Mulder sake vir ons in perspektief gaan stel met sy praatjie: "Die parlement brand!". Kom besin saam met medegelowiges hieroor sodat ons saam tot die seker konklusie kan kom dat God bo dit alles, nog steeds in beheer is!

Kom kuier en gesels agterna saam oor 'n heerlike koppie tee of koffie en 'n eetdingetjie. Moenie hierdie geleentheid van saamkuier en saambesin misloop nie!

## GHOLFDAG: 17 FEBRUARIE 2023

Ons Gholfdag-komitee is reeds besig om reëlings te tref vir die aanbied van hierdie jaar se gholfdag.



Datum: Vrydag, 17 Februarie.
Afslaan: 10:30 "Shotgun start"
Formaat: "Betterball Stableford, Scramble drive"
Kostes: R2 000 p/vierbal

Kom ondersteun ons asb deur 4-bal-inskrywings of om as putjieborge op te tree.
Kontak gerus:
Walter Plotz (083 487 7497)
Ryan Bezuidenhout (082 464 6310)
Nicolaas Erasmus (074 671 6932)

## HULPVERLENING AAN DIE KASSIER VAN DIE KERKRAAD INSAKE BANKINBETALINGS

Die kassier ondervind die afgelope tyd 'n groot toename van elektroniese oorbetalings in die bankrekening van die kerkraad. Die kerkraad spreek ook sy dank uit oor die gereelde oorbetalings van die dankoffers.

Baie van die inbetalings kan nie na 'n groep/lidmaat toegewys word nie. Die volgende inbetalings kan as voorbeeld hiervan getoon word:

- ABSA Bank "Maandelikse bydrae … R xxx"
- ABSA Bank "Dankoffer … R xx"
- ABSA Bank "Gereformeerde Kerk … R xxx"
- ABSA Bank "Kerk … R xxx"
- ABSA Bank "Bydrae … R xxx"
- Oorplasing vanaf xxx rek nommer xxx xxx xxx …Rxxx

**Versoek:** voltooi die beskikbare veld (verwysing op begunstigde se bankstaat) deur net u voorletters, van en groepnommer aan te dui bv.
"AA van Aarde Groep 6" of selfs net u naam/van en groepnommer bv. "Joggom Gr 3".
Alle inbetalings word geag u Dankofferbydrae te wees, tensy anders gemeld bv. "Joggom Gr 29 Ramings".

Hulpverlening in die verband sal geweldig hoog op prys gestel word.
Die Kassier

## VERLORE ITEMS

Ons tel gereeld verlore items op, veral by die speelparkie op ons terrein. Die items word vir u op die tafel in die voorportaal van die Skuur gelos.

## GKSA-NUUS

Beroepe ontvang
- Proponent WJ (Wimpie) Jansen van Vuuren na GK Middelburg, Oos-Kaap.
- Proponent ID (ID) Nagel na GK Uitschot.
- Proponent F (Floris) van Staden na GK Stilbaai.

Beroep aanvaar
- Proponent MJ (Johan) Willemse na GK Vredenburg/Saldanha.

Beroep bedank
- Proponent MJ (Johan) Willemse na GK Bothaville.

**Algemene Sinode in sitting 30 Jan - 4 Feb en daarna aanlyn**

Die sinode moes reeds in 2021 vergader het maar is vanweë Covid-19 uitgestel en vergader dus nou 5 jaar na die vorige Sinode in 2018. Die vergadering word deur 140 predikante en 140 ouderlinge bygewoon wat deur 7 streeksinodes afgevaardig is en wat vanuit die hele RSA en Namibië hierheen moet reis. Die agenda beslaan 480 bladsye (uitgesluit finansiële state). Daar is 95 rapporte, 9 Beskrywingspunte (voorstelle), 3 Beswaarskrifte, 3 Adviesvrae en 'n hele rits appèlle wat hanteer moet word.

Die vergadering kies aan die begin 'n "Moderamen" (bestuurspan) wat bestaan uit 'n voortsitter, onder-voorsitter, skriba en hulpskriba. 'n Hele aantal kommissies word voor die tyd aangewys waarna sake verwys word om te bespreek en voorstelle te maak in 'n poging om die afhandeling van al die sake te bespoedig.

Die sinode speel 'n belangrik rol in ons kerklike lewe en kom ons doen voorbidding dat die Here hierdie vergadering tot sy eer en tot opbou van die GKSA sal lei.

## KENNISGEWINGBORD

- Vakature: GK Die Bult, Administratiewe beampte

## ALGEMENE INLIGTING

**LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)**

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

## KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Barend vd Westhuizen - 079 337 8148
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

**BANKBESONDERHEDE**

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010



# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Marlise Styger en groep 8, Corné Geyer en groep 17, Groep 26, asook Hannie Niemand en groep 34.


## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**

## SUSTERSBYDRAE



Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Van volgende Sondag af sal ons koevertjies vir hierdie bydraes in die voorportaal van die kerk beskikbaar hê. Die suster wat nie eenmalig kan bydra nie, het dan die geleentheid om elke maand 'n geldjie in haar koevert weg te sit en later deur die jaar in te handig.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## SINODE 2023: TEESKINK TYDENS SINODE - HULP WORD GEVRA

Liewe susters, ons gemeente skink Donderdag, 2 Feb by TWEE geleenthede tee vir die Sinode. (10:30 tot 10:45 en 16:00 tot 16:15). Ons het julle hulp asb nodig hiervoor. Skryf jou naam asb op die lys in die voorportaal as jy ons kan help.

## NUWE GROEPSUSTERS

Ons wil graag die volgende groepsusters bedank vir die tydperk wat hulle diensbaar was as groepsusters en die mooi bydrae wat hulle daardeur gelewer het: Corrie du Plessis (1), Naomi Pretorius (3), Erika Rood (11), Mari Steyn (21), Joke Botha (22), asook Jorette Erasmus (26).
Ons verwelkom dan graag nuwe groepsusters in hierdie groepe en sien baie daarna uit om saam met julle te werk:
Fransie Bakker (1), Ansie Jordaan (3), Marietjie Riekert (11), Mariana Plotz (21), Esta du Plooy (22), asook Rickie Storm (26).

## KWARTAALPROGRAM

| EERSTE KWARTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **DAG** | **TYD** | **WIE** | **WAT** |
| 02-Feb | Donderdag | 10:30 en 16:00 | Almal | Sinode: Tee-skink |
| 21 Feb | Dinsdag | 18:30 | Blok D | Sustersamekoms |
| 25-Feb | Saterdag | 09:00 | Bestuur | Bedieningsbesinningsdag |
| 5 Maart | Sondag | 18:30 | Blok A | Ouderlingverversings |
| 12 Maart | Sondag | 12:00 | Blok C | Nagmaalete |



# Oosdoppertjies

Ons kinders se deelname aan die erediens. Ons dink aan ons Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom!

Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk. Ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes. Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gaan ons van volgende week af 'n Kinderblad vir hulle laat uitdruk. Dit sal reeds voor die erediens in die voorportaal beskikbaar wees. Daar sal ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar wees. Hierdie kinderblad sal aktiwiteite bied wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. As ouers kan u ook u kinders in hierdie blaadjie begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

**BYBELBEDIENING VIR VOORSKOOLSE KINDERS**

Ons herinner ouers dat daar vir ons voorskoolse kindertjies 'n kleuterbediening aangebied word in die Skuur tydens die duur van die Woordbediening in die kerk. Kinders kan uitbeweeg met die sang na die Skriflesing voor die preek.

**BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!**

